

# WILDLIFE RANCHING

WRSA publication for the wildlife ranching industry

Vol 2 • No 2 • AUTUMN 2009 R20.00 (VAT incl)



**STOP**  
DIE STROPEROORLOG

**POACHING**  
KNOW YOUR RIGHTS

**WILDSVLEIS**  
SE GROEN STATUS

ISSN: 1998-4901





# Konstruktiewe verbodsbeplings

Gedurende die laat 1800's het die Amerikaanse regering die sogenaamde "Alcohol Prohibition Laws" gehad. Die opkoms en groei van georganiseerde misdaad gedurende hierdie tydvak, byvoorbeeld die Mafia, is goed gedokumenteer.

Min mense weet dit vandag, maar in 1907 het Suid-Afrika verbodsbeplings ten opsigte van wildsvleis en biltong gehad. Die vraag na biltong was groot, veral onder die armlankes in die destydse Transvaal. Daar was byvoorbeeld 7 000 kg biltong by die spoorwegstasie in Waterberg gelaai (Carruthers, 2008). Wildsvleis en biltong is destyds verbied. Die verbod op wildsvleis en biltong is met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 opgehef.

Kan ek verkwinklik word as ek die gevoel kry dat daar 'n ondeurdagte proses aan die gang is, veral as ons al die lawwighede en regulasies wat in die bedryf gepomp word, in ag neem? Dit kom neer op konstruktiewe verbodsbeplings teen die wildbedryf. Ek noem graag enkeles om my ongemak te staaf:

- ◆ Vuurwapenwetgewing
- ◆ TOPS en die disfunksionele

permitstelsel en lys van spesies

- ◆ Jagnorme en -standarde
- ◆ "Alien and Invasive Species"
- ◆ "Damage-causing Animals Norms and Standards"
- ◆ Provinsiale stelle regulasies, soos Limpopo se voorgestelde P3-vrystellings
- ◆ Wildsvleis en die verwerking daarvan op sowat 2 000 landelike (plaas-) slagfasiliteite
- ◆ Diskriminerende belastingwetgewing en -insentiewe teen wildboere
- ◆ Omgewingsimpakstudies
- ◆ Ag ja ...!

Ek haal nou my tong uit my kies. Op 'n meer ernstige noot erken ons graag dat WRSA tans op nasionale en provinsiale vlak uitstekende samewerking met die verskillende owerheidsinstansies (soos die Departement van Omgewingsake en Toerisme) het. Dit is egter ook so dat daar tans 'n politieke lugleegte in Suid-Afrika is – dit sal eers na normaal terugkeer met die nuwe administrasie.

Kortom, optimisme oor die wildbedryf, selfs gegewe die huidige wêreldwye ekonomiese resessie, is nie misplaas nie. **WR**

## CONTACT US

### *Wildlife Ranching SA*

PO Box 23073  
Gezina 0031  
South Africa

Drakenstein Building, no 11  
696 Voortrekker Road, Mayville  
Pretoria

**WRSA manager: Reinhardt Holtzhausen**  
Cell 083 611 0467 • Tel 012 335 6994 • Fax 012 335 1059  
E-mail manager@wrsa.co.za • Website www.wrsa.co.za



# WR WILDLIFE RANCHING

WRSA publication for the wildlife ranching industry  
WRSA-publikasie vir die wildboerderybedryf

## IN THIS ISSUE • IN HIERDIE UITGawe

Volume 2 • Nr 2 • Autumn 2009

- 5 Editor's note

### HOOFARTIKEL • MAIN FEATURE

- 6 STOP die stroperoorlog!

### WRSA-NUUS • WRSA NEWS

- 12 Western Cape – a hive of activity  
16 Wildbedryf loop klopdisselfboom  
21 Veldflitse

### REGULATORS • REGULATORY

- 24 Friendly tax is on its way  
28 Translocation of  
buffalo (Part 2)  
30 As die klein jakkalsies aan jou  
wins knaag ...

### PLAASBESTUUR • FARM MANAGEMENT

- 32 Mik mooi en hou by die reëls  
36 Poaching – know your rights (Part 1)

### NAVORSING • RESEARCH

- 40 "Groen" kos is gesonde kos  
43 The scourge of FMD  
47 Fighting against the odds  
50 Counting cats and dogs  
53 Get more mileage from  
venison (Part 4)  
55 Boekblad  
56 Conserving the ground hornbill  
59 Acacia: A thorny issue

### KALENDER 2009

### ON THE COVER:

- 6 Stop die stroperoorlog!  
36 Poaching – know your  
rights (Part 1)  
40 "Groen" kos is gesonde kos



Cover photo taken  
by Johan von Solms

**6****12****50****40**

## EDITOR'S NOTE

**"The South African (conservation) model, responsible for the most successful conservation story of all times, is based on the principle that wildlife is owned by an individual land owner. Seventy per cent of all game animals in South Africa are owned by ranchers and this success story is based on the necessity of fencing, enabling the individual to own and manage the animals."**

These are the words of the National Confederation of Hunters Associations in South Africa (Chasa), and exactly echo the sentiments and reasons for WRSA's existence for the benefit of all role players in the industry.

The approaching hunting season makes the proverbial nostrils sniff the winds of both hunter and hunted, for the inevitable annual harvesting of venison.

A harvest which affords a dignified living to many of our otherwise unemployed citizens, and an increasing protein source for many, many more.

"Venison has a market value. In districts where shooting is allowed, farmers preserve their (game) herds carefully, and the guest who disobeys the rules (at a hunt) will never be asked out again." The latter is a quote from the book *Karoo* by Lawrence G Green, first published in 1955.

To paraphrase: The dogs may bark, but the caravan will keep growing bigger and better in its passing. **WR**



# Editorial Committee

Chairman  
Manager WRSA  
Editor-in-chief  
Editor  
Deputy Editor  
Production Manager  
Art Director  
Layout Artist

Dr Gert Dry  
Reinhardt Holtzhausen  
Willemien von Solms  
Eben Burger  
Lynette Louw  
Leza Putter  
Peet Nieuwenhuizen  
Michelle Pretorius

#### Advertising

Lizandré van Rooyen  
072 601 7155  
lizandre@agriconnect.co.za

#### Contributions

Eben Burger  
072 235 5307  
e-burger@vodamail.co.za

#### Account Inquiries

Monique van der Walt  
monique@agriconnect.co.za  
Tel 012 843 5709

#### WRSA Inquiries / Subscriptions

Tel 012 335 6994 | Fax 012 335 1059  
PO Box 23073 | Gezina 0031 | South Africa  
manager@wrsa.co.za | www.wrsa.co.za

#### Non-executive directors WRSA

Borrie Erasmus	Coert Steynberg
Jacques Malan	Peet Koen
Arthur Rudman	Gary van der Berg
Wicus Pretorius	Hennie Erasmus

#### Wildlife Ranching (ISSN: 1998-4901)

is published quarterly by Agri Connect (Pty) Ltd for  
Wildlife Ranching South Africa  
PO Box 1284 | Pretoria 0001 | South Africa |  
Tel 012 843 5600 | Fax 012 804 9531

#### Printers

Ultra Litho Tel 011 621 3300

Expressions of opinion, claims and statement of supposed facts do not necessarily reflect the views of *Wildlife Ranching*, its editor or publisher. While every effort is made to report accurately, *Wildlife Ranching*, its editor or publisher do not necessarily accept any liability with regard to any statement, advertisement, fact or recommendation made in this magazine. Copyright: *Wildlife Ranching* ©



# STOP die stroperoorlog!

deur Eben Burger (*Foto deur Johan von Solms*)

**R**enosterstropery het wildboere vroeg in die jaar al briesend en moedeloos. Net in Januarie en Februarie vanjaar is 14 mense reeds aangekla, en een persoon gevonnis vir die onwettige handel in renosterhoring.

En aanhef lê nog voor as daar na die tendens oor die afgelope twee of drie jaar gekyk word. Verlede jaar is tientalle renosters in nasionale parke en in private

besit afgemaai – 51 diere net in die Nasionale Krugerwildtuin.

Die saak het al selfs 'n politieke geurtjie gekry met aantygings dat die toename in renosterstropery in bewaarde gebiede, bewys dat die staat misluk in sy pogings om die biodiversiteit te beskerm.

Volgens die minister van omgewingsake en toerisme, Marthinus van Schalkwyk, het die Konvensie oor Internasionale Handel in Bedreigde Spesies (Cites) 'n internasionale taakmag gevestig om stropery hok te slaan.



Sommiges in belangegroepe is van mening dat witrenosters opgegradeer kan word vanaf Cites 1- na Cites 2-diere. As dit sou gebeur, sal die hele renoster-vryemarkstelsel inkalwe, sê ander, en sal dit nie meer die moeite werd wees vir die private aanhou van hierdie waardevolle diere nie.

### WAAR LÊ DIE ANTWOORD?

'n Renosterboer wat verkies om anoniem te bly, is van mening dat 'n algehele verbod op renosters – horings, jag, verkoop en

neweprodukte – ook nie die antwoord op hierdie kwessie is nie: "So is ek ook oortuig dat sprake om stropers op sig te skiet (wat gewoonlik die gevolg is wanneer dit so erg word dat die staat raadop word en hierdie maatreëls instel), ook nie die hele antwoord is nie."

Wat ookal die siening, renosterstropy is 'n baie emosionele onderwerp en nie vir sissies nie. Die moordlus – want dis waarop dit neerkom – van die sindikate, is genoeg om enige wildliefhebber ook te laat voel om terug te skiet!

Die (onwettige) handel in renosterhorings is iets wat gedurig in die wêreldmedia berig word en groot opslae maak, en tog is dit 'n afdeling wat heeltemal onderbefonds en onderbestuur word, meen hy.

Renosterboere vermoed dat die rede hiervoor is, dat dit een van die dinge is wat altyd met ander gebeur en jou nooit direk raak nie, en "wanneer dit wel met jou diere gebeur, dan is dit skielik 'n halsoorkop krisisbestuur, met gepaardgaande byenes van aktiwiteite en harde woorde".

Die indruk kan nie gegee word dat alles sommer algemeen voorkom kan word nie, maar indien sekere riglyne en sekuriteitsmaatreëls in plek is, dan is dit soveel moeiliker vir hierdie stroopers om hul "werk" te doen en daarvan weg te kom. Gebrek aan kennis is een van die grootste gevare, veral in die privaatsktor.

## SINDIKATE

'n Boer wat die saak al lank beveg, sê dis belangrik om te weet dat hierdie skurke deur middel van baie slim sindikate werk. Hulle is goed georganiseerd, beplan goed en samel goeie inligting in. Inligting word verky deurdat plaasarbeid omgekoop word, of bloot deur mense slim te ondervra (hiermee die implikasie dat inligting nie

altyd kwaadwillig verklap word nie). So 'n werker antwoord bloot net eerlik op goed-gemanipuleerde vrae.

Verkenners word gewoonlik vooraf ingestuur om die grond te bespied en te leer ken. Roetines soos die beweging van voertuie en werkers word vasgestel, tesame met ander tersaaklike inligting soos dierbevolking en die ligging van die mees gebruikte waterpunte.

Vroegoggens, so van sonop tot 07:00 of wanneer die werksmag begin inval, en laat smiddags – vandat die werkmense die dag voltooi tot sonsondergang – is die mees ideale tye vir booswigte om te stroop, sê hy.

Volmaan of helder maan is ook ideaal om te voet rond te beweeg en diere kan maklik geskiet en gevolg word. Gewoonlik word enkel skote geskiet, aangesien dit minder aandag trek. Kleiner kaliber gewere word verkieks (AK47, .303 en ander soortgelyke kalibers).

Stroopers stel nie noodwendig belang in 'n onmiddellike doodskoot nie, aangesien die dier gevolg word totdat hy dood neerslaan of só swak is, dat die horings afgekap kan word. Hulle konsentreer meestal op bladskote – so op of om die skouergedelte.

Swak skote is aan die orde van die dag vir hierdie slagters. Die ervaring is dat



• 'n Renoster wat deur wildstropers gekwes is



• Die trajek van die koeël word vasgestel



ongeveer 60% van die skote slegs gewonde diere oplewer. So 'n dier vrek nie dadelik nie, maar moontlik eers maande daarna.

## GEKWESTE DIERE

Diere word gekwes wanneer die skoot te ver voor aan die lyf is, en dan word die nek of mond of kop getref. Of die skoot tref te ver agter, wat veroorsaak dat die dier in die ribbekas of maag getref word.

Gewonde renosters kan net soveel of selfs meer ontwrigting veroorsaak as dooie diere. As daar gevind is dat horingstropers die eiendom betree het, moet elke dier op die eiendom stelselmatig deurgegaan word om 'n telling te kry van gewonde diere. Meestal moet dit te voet geskied aangesien 'n enkele koeëlwond baie moeilik waargeneem kan word vanuit 'n helikopter of vliegtuig, tensy die wond reeds ontsteek is of baie bloei.

Om gekweste diere te voet op te spoor is 'n tydrowende proses – tyd is die een faktor wat dan teen die boer tel. Met klein populasies kan al die diere vanuit 'n helikopter gepyl word, wat 100% die versekering gee van die gesondheidstatus van elke dier. Indien gewonde diere dan gevind word, kan hulle sommer dadelik deur die veearts op die toneel behandel en moontlik verskuif word.

Dit is 'n redelike duur en omslagtige taak om gewonde diere in te bring en op hok te sit vir 'n maand (afhangende van die erns van die wonde), hulle te behandel en dan weer terug te plaas in die veld waar hulle vandaan kom.

Dit ontstig die diere geweldig en ontwrig hulle sosiale struktuur, aangesien hulle uit die populasie verwyder word en dan weer later teruggeplaas word. Dit kan ook lei tot onderlinge gevegte wanneer die diere weer teruggeplaas word.

“Die stres op hierdie gewonde diere is ook ongelooflik hoog, veral vir diere wat voorheen onverstoord op die eiendom was,” sê die boer.

## SEKURITEIT

Heinings wat aan beide kante skoon-geskraap is, is moeiliker om ongesiens te oorbrug, maar nie onmoontlik nie. Spore word hierlangs gewoonlik goed weggesteek. Spore binne-in die eiendom word gewoonlik makliker ontdek.

In droë tye word watergate gebruik om die diere in te wag en vanuit 'n skuiling te skiet. Jagterskuilings is ideaal hiervoor, aangesien die ligging gewoonlik reeds uitgesoek en beproef is. Gewoonlik word een dier geskiet, met een skoot, sonder om daarna te beweeg. Wanneer die dier of ander in die groep kalmeer, sal 'n volgende dier of twee dan op dieselfde wyse geskiet word.

**“Volmaan of helder maan is ook ideaal om te voet rond te beweeg en diere kan maklik geskiet en gevolg word”**

Die gekweste diere word dan luiters op 'n afstand gevolg en die horings afgekap wanneer die diere gaan lê. Horings word meestal met byle of pangas afgekap, maar sae en messe is ook al gebruik (laasgenoemde deur baie ervare stroppers).

In nat tye beweeg die stroppers na gebiede waar getalle renosters voorkom, en as diere nie raakgesien word nie, sal hulle spore volg tot by 'n dier. “Hierdie ouens dink niks daarvan om in die omgewing te bly en daagliks die eiendom te betree nie en sal selfs vir dae lank op die eiendom uitkamp, ongeag die teenwoordigheid van patrollerende veldwagtters.”



Eiendomme met maklike toegangspaaie, soos 'n aangrensende openbare pad – twee paaie aan twee kante is nóg beter – word verkies. Areas met goeie selfoonontvangs word ook verkies. Die booswigte word gewoonlik snags afgelaai langs die grens en word dan weer per selfoon ontbied wanneer hulle opgelaai moet word.

Dit verminder die risiko van vreemde voertuie wat rondstaan en wag, en wat gerapporteer kan word. Die aflaipunt en die oplaipunt hoef nie dieselfde plek te wees nie – selfone en goeie padnetwerke maak dit vir hulle moontlik.

Dit is maklik vir 'n goed-georganiseerde sindikaat om die horings, gewere, byle en skieters al by die aflaipunt van mekaar te skei. Skieters en kappers verwijder hulle werksklere en trek oorpakke aan wat saamsmelt met dié van die arbeid in die omgewing. Of hulle trek gewone klere aan en klim op verskillende taxi's, busse of rygeleenthede en verdwyn in verskillende rigtings.

Gewere en byle kan maklik in die omgewing of die naaste dorp waar hulle kontakte het, geberg word. Al wat dan oorbly is 'n bestuurder, wat soos enige normale persoon in sy motor ry, wat die horings moet vervoer na 'n koper wat dit weer dadelik wegneem.

## OPLOSSINGS

Die grootste teenvoeter, meen kenners, is om net soveel of beter georganiseerd te wees as die sindikate. "Ons sekuriteit moet só in plek wees, dat ons hierdie ouens kan opmerk indien hulle ons eiendom betree."

"Ons moet dus ons plase beter leer ken en beter oppas. Ons moet ons diere en omstandighede beter ken as hulle. Ons weet dat vroeë oggende en laatmiddae en

heldermaan-aande kwesbare tye is – nie noodwendig die enigste tye nie, want hierdie ouens nie sal skroom om helder oordag ook te skiet nie. Maar ons moet ons sekuriteit opskeep in sulke kwesbare tye.

**“Die grootste teenvoeter is om net soveel of beter georganiseerd te wees as die sindikate”**

"Ons moet by mekaar inskakel in die omgewing, sodat ons weet wat oral aangaan. Ons was persoonlik baie goed bedien deur die Veediefstaleenheid van die polisie, by name inspekteur Van Dyk van Thabazimbi en kaptein Herman Lubbe van Modimolle," sê boere van dié streek.

Die polisie en mense in die omgewing wat oor inligting beskik, kan mekaar vooraf waarsku en bystaan indien hierdie skurke in die gebied in beweeg. Ons kan dit slegs regkry indien ons bymekaar inskakel.

"Ek is van mening dat daar genoeg kennis en idees daar buite is, wat die probleem kan oplos en dat ons met genoeg nuwe en skeppende idees vorendag kan kom (denkwyses buite al die gewone goed wat probeer is in die res van Afrika, waar dit nie gewerk het nie), sodat ons hierdie oorlog kan stop en kan wen."

WRSA beplan 'n renoster-inligtingsdag by Thabazimbi op 6 Mei, om inligting oor te dra en uit te ruil. Belangstellendes kan Herman Barnard by Thabazimbi skakel by 082 335 6441 of 014 772 2628, of e-pos herman.barnard@era.co.za. WR